Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 29 Januarie 2012

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 29 JANUARIE

4de Sondag ná Epifanie

09:00: Erediens: Freddie Schoeman
09:00: Kindereredienste
18:00 Informele Aanddiens/ Senior Kategese

MAANDAG, 30 JANUARIE

19:00 Bedryfspanvergadering (Begroting)

DINSDAG, 31 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 1 FEBRUARIE

17:00 Biduur
18:00 Adoramusdiens

DONDERDAG, 2 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 5 FEBRUARIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00: Erediens: Freddie Schoeman **(Nagmaal)**
09:00: Kindereredienste
18:00 Informele Aanddiens/ Senior Kategese

MAANDAG, 6 FEBRUARIE

19:00 Bedieninge vergader

DINSDAG, 7 FEBRUARIE

17:00 Sustersbiduur/Bybeltudie

WOENSDAG, 8 FEBRUARIE

17:00 Biduur

DONDERDAG, 9 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRY 10 TOT SON 12 FEBRUARIE

Gemeentekamp

SATERDAG, 11 FEBRUARIE

10:00 Klub Immergroen—Oggendtee

SONDAG, 12 FEBRUARIE

09:00: Erediens: Freddie Schoeman
09:00: Kindereredienste
18:00 Informele Aanddiens/ Senior Kategese

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

- Arie en Tania Roos, Cantonmentsweg 1 met Arie wat ‘n groot operasie ondergaan het en Tania wat in ‘n motorongeluk was.
- Jenelle Joubert, (dogter van Brigitte en kleinkind van Mara en Pieter, Van Riebeeckln 190 wat siek is.
- Leentjie Kotze, Hans Strijdomln 79(b) wat haar skouerknop gebreek het.
- Retha Wessels, Krugerln 177 wat probleme het met haar rug.
- Kalman Kovaks, Van Riebeeckln 63 wat geopereer is asook Ilna wat nog herstel na ‘n operasie.
- Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182. Dit gaan baie goed met hom. Hy bly nog onder observasie maar is binne perke fisies redelik aktief. (Hy kan homself ook al besig hou met ligte werkies!).

CMR : FAMILIEFOKUS

By die deure is daar ‘n paar kopieë van hierdie nuusbrief. Dit het betrekking op die CMR se werksaamhede. Indien daar iemand graag ‘n kopie wil ontvang en die voorraad was klaar, skakel Max by (012) 664 3629.

PREEK

SONDAG 22 JANUARIE 2012

Op 26 Februarie 1852 was die Britse troepedraer, die HMS Birkenhead, van Simonstad af op pad na Port Elizabeth, toe dit naby Gansbaai vergaan het. 447 Britse soldate het daardie dag hulle lewens verloor. Hulle kon dalk hulleself gered het, want 196 mense het oorleef. Daar was egter nie genoeg reddingsbote en die opdrag was duidelik: vrouens en kinders eerste. Die soldate het in gelid op aandag gestaan op die dek van die skip totdat dit letterlik onder hulle gebreek het.

Die opdrag “vrouens en kinders eerste” het later bekend gestaan as die sg. “Birkenhead dril”, en was standaard prosedure wanneer skepe vergaan het.

Dit is natuurlik in skrille kontras met wat die afgelope week gebeur het. Toe die *Costa Concordia* op die rotse geloop het en begin sink het, was die kaptein en die bemanning van die eerstes wat die skip verlaat het. Geen ag is geslaan op ouderdom, geslag of gebrek nie. Een van die bote het absoluut geweier om ’n baba aan boord te neem selfs nadat die ouers gesmeek het.

Dit herinner natuurlik aan ’n soortgelyke insident in 1991, toe die kaptein van die passasierskip die Oceanos, wat naby die Wildekus vergaan het, ook voor sy bemanning en passasiers die skip verlaat het en kwansuis van die kus die reddingspoging gekoördineer het.

Die era van die Birkenhead en die etos wat dit verteenwoordig het, is duidelik lankal begrawe en vergete. Ons leef in ’n wêreld waar die selfsug en eiegewin hoogty vier, en waar mense se eie belang belangriker is as enige iemand anders s’n.

Twee weke terug was ’n vrou met die naam Gloria Sekwana die slagoffer van mense se naakte selfsugtigheid. Mense het letterlik op haar getrap totdat sy gesterf het, in ’n poging om by die Universiteit van Johannesburg ingeskryf te kom. Mense blameer nou die Universiteit, of hulle blameer vir Blade Nzimande en die regering, maar die mense wat letterlik op Gloria Sekwana getrap het om voor te kom, was die mense wat daardie dag saam met haar daar was.

Dis maklik om vinger te wys, maar as ek na myself kyk sien ek dit. Hoeveel keer op ’n dag sal ek selfsugtig met my dagtaak voortgaan en doen wat ek

voel ek moet doen en geen snars omgee vir die dilemma of die behoeftes of die nood van ander mense nie. As ons eerlik is sal elkeen van ons dit ook in onsself in ’n meerder of mindere mate raaksien. Kyk maar hoe ry ons in die verkeer: sny voor mekaar in, ignoreer die snelheidsperk en ander verkeersreëls, net om ’n paar minutjies vroeër uit te kom waar ek wil wees. Waar kom dit vandaan? Een die van die oorsake is die lewensfilosofie van individualisme. Wanneer ons dit koppel aan Westerse kapitalisme en die sg. Westerse droom (hoe groter, hoe blinker hoe beter) dan lei dit tot ’n elkeen vir homself tipe mentaliteit. En dit lei weer tot eensaamheid, depressie, ongelukkigheid ens. Dit lei tot ’n stukkende en gebroke wêreld vol stukkende en gebroke mense.
Wil ons so aangaan? Is daar ’n manier om uit die greep van individualisme los te kom? Wat sê die Bybel? Het die Bybel vir ons ’n oplossing?

Handelinge 2:43-47

43 Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep
ontsag vervul. 44 Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar
gedeel. 45 Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal
uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou by
die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd
gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys.
Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat
gered word, by die gemeente gevoeg.

Lees hierdie gedeelte mooi. Wat tref jou? Wat my tref is die totale gebrek aan selfsug. Ook die manier waarop hulle saamgeleef het. Daar was niemand wat hulle eenkant gehou het en nie met die ander wou meng nie. Hulle het hulleself gewilliglik vir mekaar gegee. En die impak wat dit gehad het!

Wat is die Bybel, wat is die Here se oplossing vir individualisme? Een woord: die kerk, die gemeente, die gemeenskap van gelowiges. Die Here gee gelowiges vir mekaar en voeg hulle saam in een geloofsgesin. Ons is mekaar se broers en suster wat daar is vir mekaar.
In die kerk werk dit ander as daarbuite. (Lees Markus 10:42-45) In die kerk vergeet ons van individualisme en die selfsug wat dit genereer. In die kerk is eerstes laaste en laastes eerste en ons is almal mekaar se dienskneg. Ons is ’n “alternatiewe” gemeenskap, ’n gemeenskap wat anders leef en dink as die mense daarbuite.

Daar is ’n rede waarom die Here die kerk daargestel het. Dit is om dissipels te ontwikkel wat vrugte dra. Ons word geroep om elke dag waar ons ook al

kom as een van Jesus se dissipels te funksioneer en op te tree. By die werk, by die gym, op die pad, by die winkel, by die skool, op die sportveld moet ons die vrugte van liefde, vreugde en vrede dra.

Maar ons kan dit nie alleen doen nie. Ons het mense rondom ons nodig wat ons kan aanspoor en ondersteun.

[24]Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. [25]Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom. (Hebreërs 10:24-25).

Ons kan ook die kerk sien as ’n basiskamp. Wanneer ’n mense byvoorbeeld ’n hoë berg soos Everest of Kilimandjaro klim het jy ’n basiskamp nodig. Dis waar jou voorrade gestoor word en waarheen jy kan terugkeer om te rus. Die kerk as basiskamp is dus ’n plek waar ons weer ons kragte kan herwin, waar ons weer toegerus kan word, waar ons weer nuwe moed kan kry – sodat ons weer kan uitgaan en doen wat ons moet doen as dissipels.

Die basiskamp is dus nie ’n doel opsigself nie. Die basiskamp help ons om ons doel te bereik.
Dus: mag ek julle asseblief baie sterk aanmoedig om deel te word en deel te wees van die gemeente – as jy nog nie is nie. Wees deel van die dinamika van gee en neem. Almal van ons gaan deur lewensfases. Soms is ons gereed om te gee, maar nie altyd nie. Soms moet ons eers weer ontvang voor ons kan gee. Soms kan ons gee en ontvang, soms kan ons gee terwyl ons ontvang en selfs ontvang deur te gee.

Moenie sleg / skuldig voel as jy van tyd tot tyd nie kan gee nie. Maar wees deel.
Ons het nogal die afgelope paar jaar daarin geslaag om werklik ’n geloofsgesin in die Bybelse sin van die woord te word. Ons is nog nie naastenby waar ons wil wees nie, maar ek tel op uit die praat van mense dat hulle die gemeente beleef as’n familie, as ’n gesin wat daar is vir mekaar en omgee.
Ek dink ons is gereed om na die volgende rat tot oor te skakel . Die volgende rat het ’n naam – die naam is “Groeigroepe”. (Verwys na baniere)

Wat is ’n groeigroep? ’n Groeigroep is ’n groep mense wat op ’n weeklikse basis bymekaarkom om mekaar te help groei as dissipels – om na mekaar om te sien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

’n Groeigroep breek selfsug en individualisme. In ’n groeigroep is jy radikaal ingestel op ander en ander se behoeftes. Dis in ’n groeigroep waar jy leer om te gee en te ontvang. Dis in ’n groeigroep waar ons leer om waarlik dissipels te wees – dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader.
So word dit een van die kanale, of poorte waardeur God sy liefde en genade oor ons uitstort. In Johannes 10:10 sê Jesus: *Ek het gekom sodat hulle* (sy skape) *die lewe kan hê, en dit in oorvloed*. Dit is ’n lewe van liefde, vreugde en vrede.

Hoe gee Hy hierdie lewe vir mense? Op baie maniere – maar skynbaar merendeels binne die konteks van ’n kleingroep – dit is waarom Jesus ’n kleingroep rondom Hom vergader het. ’n Groeigroep kan beskou word as ’n poort waardeur God liefde en vreugde en vrede deurgee. Met ’n doel: om die vrug van liefde, vreugde en vrede ook die wêreld in te dra.

Hoe groeigroepe in ons gemeente gaan werk.

Twee tydperke van drie maande elk. (Middel Februarie – middel Maart; einde Augustus tot einde November)

Aan die einde van die tydperk ontbind die groep (tydelik of permanent).
Individue het dan die keuse om met die volgende siklus by ’n ander groep in te skakel.
Dit skakel die probleem van verdeling en stagnasie uit.
Teks van die Sondag is die teks van die groeigroepbyeenkoms.
Groepe kom ook informeel bymekaar.
Groepe moet ook na buite uitreik – ten minste een projek per kwartaal.

Ons droom, ideaal, is dat elkeen wat gereeld die erediens bywoon, in ’n groep sal inskakel. Maar miskien voel jy nie gereed nie. Dis heeltemal reg. Moenie skuldig voel nie. Later sal daar weer ’n geleentheid wees. Maar moenie verskonings gebruik nie. Meeste verskonings (gesondheid, werksdruk ens.) is dalk juis redes waarom jy in ’n groep behoort te wees!

Miskien voel jy dat jy nie groeigroep nodig het nie. Jy kan heeltemal goed genoeg op jou eie regkom. Jy het nie nodig om by ander mense te leer oor dissipelskap nie. Miskien is jy reg. Miskien het **jy** nie ’n groep nodig nie – maar, weet jy wat? Daar is ander wat jou nodig het! Miskien kan jy ’n baie groot bydrae lewer tot iemand anders se groei! Miskien wil die Here jou gebruik om ’n ander persoon aan te raak en ’n poort van genade vir daardie persoon te wees.

Stel jouself voor wat gaan met ons gemeente gebeur as elkeen in ’n groeigroep betrokke is? Stel jouself voor die groei wat ons sal beleef! Stel jouself voor die impak wat dit sal hê nie net op ons as gemeente nie maar op die gemeenskap.

Ds Freddie Schoeman

TUISONDERRIG EN NASKOOLSORG 2012

LYTTELTON-OOS

REGISTREER NOU!

Gespesialiseerde toesig, remediërende hulpverlening ingesluit (lees, spelling, skryf, wiskunde), versnelde onderrig vir skolastiese agterstande.

KONTAK: Frans 082 871 5115 of Marlene 082 818 7441

KLUB IMMERGROEN

SATERDAG, 11 FEBRUARIE

OGGEND-TEE : 10:00

GRATIS !!

Hou nou reeds die datum oop vir hierdie eerste geleentheid van die jaar. Dit is ‘n gesellige Valentynstee met ‘n verrassing!

Uitnodigingskaartjies sal eersdaags uitgestuur word.

NUWE AANDDIENS

29 JANUARIE 2012

Hiermee nooi ons solank al ons gemeente lede na ons nuwe aanddienste vanaf 29 Januarie 2012.

Ons gaan baie sing saam met Ongetwyfeld (aanddiens orkes) en informele dienste hou. Ons eerste diens skop af met ’n preekreeks aangebied deur Ds André Viljoen.

Die dienste gaan redelik informeel
en baie gesinsvriendelik aangebied word.
Jonk tot oud is welkom.

Na die diens sal daar koffie beskikbaar wees en tyd vir informele gesprekke in die sitkamer – (langs die bokamer in die saal).

Ons vra asseblief almal se gebede vir
die nuwe bediening en sy span.
Vir enige navrae en idees kontak Sandra 086 111 7368
[Ons kort dringend ‘n klawerbord en iemand wat dit kan bespeel.
Kontak Sandra]

AANDDIENS
5 FEBRUARIE 2012
18:00

Almal word genooi om ‘n spesiale vertoning van immer gewilde Willie Joubert te kom bywoon die 5de Februarie 2012 om 18:00.

Bring asb almal saam wat u ken.



VRIENDE DRA MEKAAR ...

As Vriende mekaar nie dra nie,
mekaar se probleme nie verstaan nie,
mekaar moed inpraat nie,
nie vir mekaar bid
of saam kan skaterlag nie,
Dan staan hulle heel alleen.

Hulle moet mekaar raadgee en aan die hand neem.
Mekaar na die Kragbron lei
waar almal garingdrade is . .
Bid vandag vir alle vroue
wat 'n verskil in jou lewe gemaak het
En dankie dat JY 'n verskil maak in my lewe!!!
Ek is lief vir jou

Kyk vandag met nuwe oë na jou ma,
jou dogter, jou suster...
sy is 'n kunswerk, uniek geskape deur ons
Hemelse Vader... almal met 'n spesifieke doel.
Sê dankie, vir al die dinge wat ander vir ons doen
wat ons as vanselfsprekend aanvaar!!!

Dankie vriende,
dat julle my help om my draadjie weer
met was te smeer en sterk te maak!!

Stuur nou die briefie vir 'n dierbare vriendin,
moeder of suster - of sommer almal
(Onthou net soos dit is)
Sy sal dit net so waardeer soos jy . . .

(Oorgeneem)

PREEKREEKS

Verander jou Lewe

Hoe om 'n hoë-kwaliteit lewe te leef

WANNEER: 19 FEBRUARIE – 25 MAART 2021

Lewenskwaliteit. Die meeste mense wil graag 'n hoë kwaliteit lewe leef – 'n lewe wat voluit geleef word en regtig die moeite werd is. Baie min mense kry dit reg – slegs 7% om die waarheid te sê. Om so 'n lewe te leef moet die regte basis gelê word. Dis gewoonlik hier waar dinge skeef loop. In die meeste van ons se lewensfondamente is daar krake. Daar is dinge wat nie reg is nie. Sekere aspekte van ons lewens kort ernstige aandag.

Ons kan nie ons lewens uitmekaar haal en in afsonderlike houers plaas nie. Elke faset van ons lewens beïnvloed elke ander faset. Ons gesondheid het 'n invloed op ons finansiële welwese; ons loopbaan en ons werk het 'n invloed op ons verhoudings. Ons verhoudings beïnvloed ons weer gesondheid. Ons kan nie werk as ons nie gesond is nie. Finansiële bekommernisse demotiveer ons en beïnvloed ons verhoudings én ons gesondheid. Gesamentlik het elke faset 'n invloed op lewenskwaliteit.

Die goeie nuus is: Die Here se oogmerk met ons is 'n lewe in oorvloed (Joh 10:10), met ander woorde 'n hoë-kwaliteit lewe. Daarom wil Hy ons daarmee help. Hy wil ons lewens heelmaak. Hoe presies Hy dit doen is die onderwerp van hierdie preekreeks.

KOM ONTDEK:

- **Wat die geheim van 'n hoë kwaliteit lewe is.**
- **Wat die verskil is tussen 'n lewe in oorvloed en 'n middelmatige lewe.**
- **Hoe om die meeste uit jou lewe te haal.**
- **Wat die vyf kernareas van ons lewens is wat ons lewenskwaliteit bepaal**
- **Wat die ses veranderingsfaktore is wat ons help om gedragspatrone en lewensgewoontes te verander.**

BELANGRIKE DATUMS
EERSTE KWARTAAL 2012

Teken dit solank in jou dagboek aan!

GROEIGROEPE—Middel Februarie 2012

Wees deel van groep gelowiges wat mekaar aanmoedig, ondersteun en inspireer om te groei as mens en as gelowige.

Wanneer: Middel Februarie—Middel Mei en dan weer Middel Augustus—Middel November
Kontak: Tian Dry (0823206477)

NUWE AANDDIENS BEGIN—29 Januarie 2012

Kom dien die Here op 'n informele manier met lofprysing en aanbidding en kom drink uit die lewende water van die Woord. Kuier na die tyd saam en gesels oor God se werk in jou lewe. Nooi soveel as moontlik vriende en familie vir hierdie besondere afskopgeleentheid.

Kontak: Sandra Meyer (0823748923)
Waar: Kerkgebou

ADORAMUSDIENSTE—1 FEBRUARIE 2012

Beleef die Here deur in stilte te fokus op sy teenwoordigheid, na te dink oor sy Woord en deur meditatiewe liedere saam te sing.

Wanneer: Eerste Woensdag van die maand in skoolkwartaal (sien almanak)
Waar: Kerkgebou
Tyd: 19:00

ONTDEK JOU POTENSIAAL—5 FEBRUARIE 2012

Met watter besondere talente het die Here jou toegerus? Wat is daar wat jy beter as die meeste mense kan doen? En hoe kan jy dit gebruik in jou werk, jou gesin, jou verhoudings, in die gemeente ens.? Hierdie seminaar help jou om dit te ontdek.

Wanneer: Sondag 5 Februarie 2012
Tyd: 11:00—17:30
Koste: R190 vir gemeentelede (R290 vir nie-gemeentelede)
Waar: Gemeentesentrum
Kontakpersoon: Carla Pretorius: 072 399 7648 (e-pos: carlamostert@gmail.com)

GEMEENTEKAMP—10-12 FEBRUARIE 2012

Daar is min dinge so opbouend en verfrissend as ’n naweek saam met mede-gelowiges. Kuier lekker om ‘n kampvuur, maak saam iets te ete, luister na ‘n insiggewende praatjie, stap saam, speel saam, lag saam ...

Wanneer: 10-12 Februarie 2012
Waar: Dieselfde plek as laas (!)
Kontak: Minari Nel 0843178820
Koste: So min as moontlik

PARKNIEK—17 FEBRUARIE 2012

Ons hou piekniek in Fleurpark en ons nooi die hele gemeenskap om dit saam met ons te doen. Dis ’n geleentheid om mekaar te leer ken en heerlik saam te kuier.

Wanneer: Vrydagaand 17 Februarie vanaf 18:00
Waar: Fleurpark
Kontak: Voorloping Tania Roos (0815566274) - Ons soek egter vyf mense om dit te reël.

REEKS: VERANDER JOU LEWE—19 FEBRUARIE 2012

Krepeer jy of floreer jy? Ontdek die geheim van ‘n hoë kwaliteit lewe en deel dit ook met ander deur hulle uit nooi na hierdie reeks. Dit sal tydens die oggend– en aanddienste aangebied word.

Wanneer: Elke Sondag 19 Februarie tot 15 Maart 2012
Groeigroeptemas vir hierdie tydperk sluit hierby aan.

ASWOENSDAG

Die belangrikste tyd in die kerkjaar, die herdenking van Jesus se kruisiging en opstanding, word voorafgegaan deur ‘n tyd van gebed, vas en sondebelydenis. Hierdie tyd, bekend as Lydenstyd, begin met Aswoensdag op 22 Februarie 2012.

Wat: Aswoensdagdiens (Nagmaal)
Wanneer: 22 Februarie 2012
Tyd: 19:00

GROOT LYDENSWEEK EN PAASFEES—1 APRIL—8 APRIL 2012

Die hoogtepunt van die herdenking van Jesus lyding en opstanding begin met die viering van Jesus se intog in Jerusalem met Palmsondag op Sondag 1 April. Eredienste vind plaas elke aand van dié week met ‘n Nagmaalsviering op Donderdag 5 April.

Palmsondag: 1 April Erediens om 09:00
Maandag: 2 April Erediens om 19:00
Dinsdag: 3 April Erediens om 19:00
Woensdag 4 April Erediens om 19:00
Nagmaal: 5 April om 19:00
Goeie Vrydag: 6 April Erediens om 09:00
Paassondag: Erediens om 09:00

VERJAARSDAE 29 TOT 4 FEBRUARIE 2012

Scholtz	Willem	02/01	Df Malanln 189	
Van Der Berg	Ruan	02/01	Hans Strijdomln 145(A)	
Van Graan	Bianca	01/29	Kol Blakestr 13	
Raulstone	Zillah	01/30	Krugerln 67	
Van Staden	Reynhardt	01/30	Cantonmentsweg 11	
Van Jaarsveld	Jan	01/31	Beckett Condos 701	
Botha	Chris (Jnr)	02/02	Hans Strijdomln 212	
Van Der Wath	Boet	02/03	Hans Strijdomln 15	
Griessel	Henkie	02/03	Krugerln 126	
Meyer	Sandra	02/03	Smutsln 196	
Naudé	Bianca	02/03	Villa San Marco 2	
Van Wyngaardt	Carla	02/03	Krugerln 187	
Collins	Frieda	02/04	Stangerstr 30	
Nel	Johan	02/04	Hans Strijdomln 92	

Hartlik geluk aan Zillah Raulstone, Krugerln 67 met haar 84ste verjaarsdag.
Gelukwense aan Boet van der Wath met sy 86ste verjaarsdag.
Mag julle baie vreugde, geluk en liefde in die nuwe lewensjaar ervaar.
Ons bid julle Gods rykste seën toe vir die jaar wat voorlê.



Skakel my vir die koop
en verkoop van eiendomme
in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

HUWELIKHERDENKINGS

1 FEBRUARIE

Darryl en Dolly Pienaar,
Tulip Park 29

Basie en Joey Woeke,
Hans Strijdomln 110

Hartlik geluk. Mag die jare wat kom
vol vreugde en geluk wees.